REKENINGKUNDE
GRAAD 10: Projek
Kwartaal 2

PUNTE: 100 INHANDIG: 7 Augustus 2020

Die boekhouproses is ‘n belangrike aspek van die rekeningkunde kurrikulum. Jou begrip van die rekeningkunde kurrikulum is eerstens gebaseer op jou goeie begrip en toepassing van boekhoubeginsels.

Hierdie projek sal jou met die boekhouproses besig hou.

INSTRUKSIES

- Hierdie taak neem jou deur ‘n realistiese situasie van die boekhouding van ‘n besigheid.
- Beantwoord al die aktiwiteite op die antwoordblad voorsien.
- Lees eers deur die hele projek voordat jy begin, sodat jy ‘n goeie idee het van wat van jou verwag word.

AGTERGROND VAN DIE ONDERNEMING:

- Jy is ‘n entrepreneur wat jou eie sportwinkel begin. Die naam van jou onderneming is **BESTE SPORT HANDELAARS**. Jy het kapitaal bygedra ten einde vaste bates en handelsvoorraad aan te koop. Die verkoop van die voorraad sal jou hoofbron van inkomste wees.

- Jy het ‘n bankrekening vir die besigheid by Star Bank geopen waarin jy R800 000 gedeponeer het wat jy vir ‘n lang tyd gespaar het om hierdie besigheid mee te begin. Jy het ‘n bydrae van jou pa ontvang wat jy nie hoef terug te betaal nie.

- Met hierdie geld het jy die volgende gedoen:
  - Reik ‘n tjek uit aan a Speedy Motors vir die aankoop van ‘n afleweringsvoertuig, R250 000.
  - Koop rekenaartoerusting vir kontant, R22 500
  - Koop handelsvoorraad R275 000 vir kontant, en R120 000 op krediet van Bats Groothandelaars

- Jy het eiendom ter waarde van R300 000 geerf waarvandaan jy handel dryf.

VRAAG 1

GEVRA:

Beantwoord die volgende vrae op die antwoordbladsye voorsien.

1.1 Gebruik die bogenoemde scenario om die dubbelskrywings vir hierdie transaksies in jou besigheid op die antwoordblad te voltooi. (18)

VRAAG 2

GEVRA:

2.1 Noem VIER interne beheermaatreëls wat jy sal gebruik om die kontant in die besigheid te beheer/kontroleer. (8)

2.2 Versamel 1 kwitansie/ontvangsbewys van ‘n onderneming in jou omgewing en gebruik dit, saam met jou eie idees, om ‘n unieke kwitansie vir jou onderneming te ontwerp. Ontwerp ‘n logo/verkoopsleuse wat op jou kwitansie aangebring moet word. Let wel, die kwitansie kan met die hand of elektronies ontwerp word. (12)

INLIGTING:

Gedurende Februarie, jou eerste maand van bedryf, sal die volgende gebeur:

- Jy sal die besigheid moet bemark.
- Jy moet uitgawes aangaan om die onderneming te bedryf.
- Jy sal adverteer om klante aan te moedig om by jou te koop.
- Jy sal geld onttrek om in eie lewenskoste te voorsien omdat jy aanvanklik nie ‘n salaris uit die onderneming sal kan trek nie.
- Jy sal ‘n gedeelte van die onderneming moet verhuur om ekstra inkomste te genereer.
- Ten einde inkomste te genereer moet jy voorraad verkoop.

Ten einde voldoende wins te maak, moet daar sekere beheermaatreëls in plek gestel word.

Om kontanttransksies in die onderneming te beheer, sal alle betalings elektronies geskied.

Alle kontantverkope sal op die kasregister aangeteken word. Alle ander geld sal in ‘n kwitansieboek aangeteken word. Jy het besluit om jou eie kwitansieboek te ontwerp, want jy wil die onderneming ‘n unieke identiteit gee en die brondokumente as advertensie gebruik.

Assesserings-kriteria	1 punt	2 punte	3 punte	4 punte
Bewyse van navorsing	Geen bewys van navorsing nie			‘n Brondokument Versamel
Praktiese ontwerp	Onpraktiese ontwerp; pas nie by besonderhede wat op doku-ment benodig word nie.	In ‘n mate van toepassing by besonderhede wat op dokument benodig word	Tersaaklike inligting op kwitansie en goeie ontwerp	Verbruikers-vriendelike kwitansie, maklik om te verstaan (klant) en te gebruik (onderneming), uit-sonderlik, oor-spronklike ontwerp
Logo en verkoopsleuse	Geen logo of verkoopsleuse nie	Logo en verkoops-leuse is daar	Hou in ‘n mate verband met besigheids-aktiwiteite.	Logo pas by besigheidsaktiwiteite. Verkoopsleuse treffend en oorspronklik

VRAAG 3

Jy het besluit om klante op krediet te laat koop sodat verkope kan vermeerder. Daar is 'n paar kontroles wat jy in plek sal moet stel en dokumente wat ontwerp moet word.

GEVRA:

3.1 Noem DRIE stappe wat jy sal neem voordat jy krediet aan klante sal toestaan. (6)

3.2 Verduidelik kortliks DRIE beheermaatreëls wat jy sal neem om te verseker dat klante hulle rekeninge vereffen. (6)

VRAAG 4

GEVRA:

4.1 Open die rekeninge in die Algemene Grootboek met die saldo's / totale soos voorsien. (4)

4.2 Gebruik die totale van die joernale voorsien en boek oor na die Algemene Grootboek. Sluit die rekeninge af aan die einde van die maand. (21)

INLIGTING:

A. **Beginsaldo's/totale op 1 Mei 2020:**

Handelsvoorraad	R150 000
Krediteurekontrole	R78 600
Toerusting	R220 000
Skryfbehoeftes	R12 300

B. **Inligting uit die joernale op 31 Mei 2020:**

KONTANTONTVANGSTEJOERNAAL			KONTANTBETALINGSJOERNAAL	
Bank	190 750		Bank	133 540
Verkope	43 000		Handelsvoorraad	39 700
Koste van verkope	34 400		Skryfbehoeftes	3 160
Debiteurekontrole	6 890		Krediteurekontrole	62 400
Korting toegestaan	250		Korting ontvang	1 100
Diverse rekeninge	106 710		Diverse rekeninge	29 380
DEBITEUREJOERNAAL			DEBITEURE-AFSLAGJOERNAAL	
Verkope	160 700		Debiteure-afslag	6 900
Koste van verkope	128 560		Koste van verkope	5 520
KREDITEUREJOERNAAL			KREDITEURE-AFSLAGJOERNAAL	
Krediteurekontrole	326 150		Krediteurekontrole	64 800
Handelsvoorraad	189 630		Handelsvoorraad	50 000
Toerusting	129 020		Toerusting	12 600
Skryfbehoeftes	7 500		Skryfbehoeftes	2 200

VRAAG 5

Karoo Winkels se finansiële jaar eindig jaarliks op 30 Junie.

GEVRA:

5.1 Joernaliseer die aansuiwerings op 30 Junie 2020 (25)

INLIGTING:

A. Voor-aansuiweringsproefbalans op 30 Junie 2020

Balansstaatrekeninge-afdeling	Debiet	Krediet
Kapitaal		213 294
Onttrekkings	23 500	
Grond en geboue	280 000	
Voertuie	90 000	
Toerusting	32 700	
Opgehoopte waardevermindering: Voertuie		20 800
Opgehoopte waardevermindering: Toerusting		15 460
Handelsvoorraad	38 720	
Debiteurekontrole	8 641	
Bank	6 447	
Wisselgeld	600	
Kleinkas	150	
Krediteurekontrole		10 653
Lening		40 000
Nominale rekeninge		
Verkope		979 658
Koste van verkope	650 000	
Debiteure-afslag	4 658	
Oninbare skuld	932	
Korting toegestaan	2 087	
Korting ontvang		3 219
Oninbare skuld ingevorder		1 450
Versekering	8 398	
Skryfbehoeftes	3 472	
Bankkoste	3 641	
Huurinkomste		6 600
Telefoon	6 421	
Water en elektrisiteit	7 894	
Lone en salarisse	121 000	
Herstelwerk	1 873	
	1 291 134	1 291 134

B: Aansuiwerings op 30 Junie 2020

- ‘n Fisiese voorraadopname op 30 Junie 2020 toon die volgende voorhande:
  - Handelsvoorraad, R37 096
  - Skryfbehoeftes, R237

- Skryf debiteur L Goosen se skuld van R430 as oninbaar af.

- ‘n Tjek vir R829 ten gunste van die Munisipaliteit is teen die Water en elektrisiteit rekening gedebiteer en teen Bank gekrediteer. Die tjek is soos volg saamgestel:
  - Onderneming se rekening, R489
  - Eienaar se persoonlike rekening, R340

- Versekeringspremies word voor op die laaste dag van die maand vir die volgende maand vooruitbetaal. Die premie beloop R646 per maand.

- Die langermyn lening is op 1 Maart 2020 aangegaan. Volgens die ooreenkoms is rente halfjaarliks betaalbaar teen 15% per jaar.

- ‘n Stel kantore word sedert 1 Februarie 2020 verhuur. Die huurooreenkoms bepaal dat die huur vir die eerste jaar R13 200 sal wees.

- Waardevermindering word soos volg afgeskryf:
  - Op voertuie teen 15% per jaar op kosprys. ‘n Nuwe voertuig is op 1 September 2019 vir R60 000 aangekoop en korrek geboekstaaf.
  - Op toerusting teen 10% per jaar op die verminderde saldo.

[100]